# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 20 17 Mei 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1



## EREDIENS VANDAG EN VOLGENDE WEEK

Vanoggend se erediens word gelei deur ds. Lourens du Plessis.

*Ons bid u die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord.*

Volgende Sondag se erediens is ’n voorbereidingsdiens met die oog op die viering van die Heilige Nagmaal Sondag 31 Mei om 09:00. Die nabetragting sal tydens die aanderediens gehou word.

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:*** **Thusofonds**

Doel: Om die emeriti uit die jonger kerke (voormalige Sinode Middellande en Klassis Capricorn) te help versorg.

## DIENSBEURTE

**Sondag 17 Mei**
**Oggend: Wyke 21 & 22**
*Oudle:* Wian van Staden
Theo le Roux
*Diakens:* Herman van Heerden
Hanno Steenkamp

Christiaan Oosthuizen
Riaan Reinecke

**Aand: Wyke 23 & 24**
*Oudle:* Chris Swanepoel
Hennie du Plessis
*Diakens:* Otto de Vries
Theuns van Wyk

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag:**
**Bybelstudie:** Na die aanderediens vir die naskooljeug (18 – 30)

**Maandag:**
**Katkisasie**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11: 18:00-18:45
Graad 9 &10: 19:15-20:00

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie
18:30 Evangelisasiekommissie

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 15 & 17 olv Sophia Theunissen en Susan Tredoux nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Wag op die Here, Israel, want by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker." Ps 130:7*

*Sondag 17 Mei*
Francis Berg 082 826 5520

*Maandag 18 Mei*
Fransma Scheepers 082 894 9595

*Dinsdag 19 Mei*
Theuns Tredoux 083 458 9642
083 327 0293
Gerhard Vermaak jnr 082 823 6608

*Donderdag 21 Mei*
Sorika van Jaarsveld 067 412 1765

*Vrydag 22 Mei*
Jan Trollip 084 999 0207

## PROGRAM VIR MEI

24 Mei: Voorbereiding
28 Mei: Ouderlingevergadering
31 Mei: Heilige Nagmaal
Gemeente-ete

## MEELEWING

*Johan Scheepers* word volgende week vir 10 dae in die hospitaal opgeneem vir toetse. Ons wens jou alles van die beste toe. 083 327 0293

*Mariska Steenkamp* se ouma is die afgelope week oorlede. Ons innige meegevoel. Mag die Here jou en Hanno en jou familie ryklik vertroos.
082 550 1356

*Jannie Erasmus* het weer 'n terugslag gehad en bronchitis opgedoen en is weer in die hospitaal opgeneem. Ons bid jou spoedige en volkome beterskap toe. 082 437 7188



*"Aan God die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee. In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig"* (2 Kor. 1:3 – 4)

## BAIE DANKIE

Waarlik die Here ons God is getrou. Hy dra ons deur moeilike tye. Dit gaan baie goed met my na die rugoperasie. Aan Hom al die eer. Baie dankie aan geliefde gemeentelede vir meelewing en ondersteuning deur oproepe, besoeke en bederfies. Lief vir julle almal.
Groete in Christus.

*Rina Steenkamp. 084 734 4181*



## ATTESTATE

Ons het die attestaat ontvang van van *Eleonora Britz en haar seuns, Tjaart en Hanno Miennie*. Welkom terug in ons gemeente.

## BEROEPENUUS

**Beroepe aanvaar**
Proponent MC (Clerence) Langa na Reformed Family Worship Church, Ndaleni KZN

Ds JG (Jan) Ehlers van GK Meyerton na GK Witrivier

## GESPREKSGELEENTHEID: DIE DOOD EN DAARNA



Verlede Dinsdagoggend het die Jeug van Gister, saam met lidmate van Alkantrant en almal wat belanggestel het, in die kerkgebou van Alkantrant bymekaargekom waar ds Lourens so 'n uurlange gesprek en aanbieding oor die tema van die "Dood en Daarna".

Die moeilike onderwerp het ds. Lourens uitstekend aangebied. Ingewikkelde begrippe is in duidelik verstaanbare taal, maar kort en kragtig, verduidelik. Dit was werklik n leersame en verrykende ervaring waaroor mens nog lank kan nadink. Baie dankie ds. Lourens, dit word opreg waardeer.

Die aanbieding is beskikbaar op youtube, wat ook aan almal in die gemeente gestuur is. Die skakel is: https://youtube.com/live/DTu8I4ghotI, en begin so 8min in die opname in. Daar is onderskrifte op die video.

Die opkoms was goed, en na die tyd het almal nog lank gekuier en heerlik gesmul aan eetgoed wat deur die Jeug van Gister verskaf is. Almal was dit eens dat soortgelyke byeenkomste in die toekoms gehou moet word.







## REGVERDIGMAKING vs HEILIGMAKING

Regverdigmaking en Heiligmaking is vir sommige van ons ou en moeilike woorde. Hoe verskil hulle van mekaar?

**<u>Regverdigmaking</u>** is 'n regsterm. God tree as regter op en op grond van Christus se werk (sy geregtigheid) spreek hy jou van die skuld en straf van die sonde vry. Dit is 'n verklaring : jy is regverdig. Jy ontvang die ewige lewe, want almal is skuldig voor God en nou word jy van hierdie skuld vrygespreek.
<u>Outeur</u> : die Vader wat deur Christus vryspreek.
<u>Karakter</u> : 'n regterlike uitspraak wat buite ons in die hemel plaasvind. Daar vind 'n verklaring plaas : "Jy is nie meer skuldig nie, maar onskuldig".
<u>Die vrug</u> : dit is vryheid, vrede, vreugde en geloofsekerheid. Dit neem die skuld van jou as sondaar weg.
<u>Die tyd</u> : regverdigmaking gebeur eenmaal en dis volkome.
Romeine : 8 : 33 "*Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God ? God is dit wat regverdig maak*"
Romeine 5 : 1 *:"God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus"*

**<u>Heiligmaking</u>** is die proses waar die Woord en die Heilige Gees in jou hart werk om jou na God se beeld te vernuwe. As regverdigmaking die fondament is, dan is heiligmaking die huis. Dit behels twee stappe: wegvlug van die sonde en die doen van goeie werke.
<u>Outeur</u> : die Heilige Gees.
<u>Karakter</u> : 'n etiese of sedelike daad wat in jou uitgeoefen word deur die werk van die Heilige Gees. Dit bring verandering in jou lewe. Jy sterf die ou mens af en in jou staan die nuwe mens op.
<u>Die vrug</u> : dit neem die smet van die sonde weg en jy doen al meer goeie werke.
<u>Die tyd</u> : heiligmaking vind deur jou hele lewe plaas totdat jy doodgaan en is in hierdie lewe nog nie afgehandel nie.

Efesiërs 4 : 22 – 24 : "*Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat na die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig"*

*(Uit : Kruispad)*



*Niks hang so rooi soos wingerdblaar by Hexrivier*

*Niks staan so geel soos herfspalmier by Dwarsrivier op Ceres.*

*Slaan rem aan, hou jul asem in en kyk en kyk*

*lank en eerbiedig soos 'n mens na so 'n herfs moet kyk*

*laat dit inbrand in jou vir later tyd*

*die warm geel en rooi vir latenstyd*

*Boerneef.*

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan